Wes-Kaapse Regering
Landbou
BETER TESAME.

Weeklikse graanmarkverslag

Bemarking- en Agribesigheidsafdeling www.elsenburg.com

30 Januarie 2015

Carine van Zyl
Tel: (021) 808 5189

1. SAFEX (MTM-PRYSE)

Die MTM-prys op Vrydag 30 Januarie 2015 vir koringlewering in Februarie was R3 922 per ton gelewer te Randfontein.

	MTM-pryse (30/01/2015) R/mt					Week eindig R/mt 23/01/2015	Vergelykende verhandelings-dag R/mt 31/01/2014	% Verandering
Kommoditeit	***Feb-15***	***Mar-15***	***Mei-15***	***Jul-15***	***Sep-15***	***Feb-15***	***Feb-14***	***Feb-14 tot Feb-15***
Koring (RFTN)	3922	3968	4027	4038	3904	3856	3824	*3%*
Geelmielies	2070	2094	2065	2058	2091	2015	3450	*-40%*
Witmielies	2097	2123	2101	2096	2130	2012	3471	*-40%*
Sonneblom	5080	5020	4859	4913	-	4850	6000	*-15%*
Sojabone 50ton	5630	5263	4850	4890	4940	5485	6310 ***(Mar-14)***	*-11%* ***(Mar-14-Mar-15)***
Sorghum	-	2220	2200	2200	2500	2300 ***(Mar-15)***	3500 ***(Mar-14)***	*-37%* ***(Mar-14-Mar-15)***
Geelmielies 10ton	-	-	-	-	-	-	-	-
Witmielies 10ton	-	-	-	-	-	-	3296 ***(Mar-14)***	-

Bron: SAFEX, 2014 & 2015

Wintergewasse: Die koringprys vir lewering in Februarie het die week op R3 922 per ton gesluit, R66 per ton hoër as die vorige week en R98 per ton hoër as die vergelykende verhandelingsdag in 2014.

[1] **Vrywaring: Die voorbereiding van die inligting is met groot sorg gedoen om die akkuraatheid daarvan te verseker. Die Departement van Landbou Wes-Kaap of enige van sy personeellede kan nie verantwoordelikheid of aanspreeklikheid vir die geldigheid van die inligting aanvaar nie.**







Invoerpariteit van VSA koring gelewer in Randfontein was die week bykans R150 per ton laer op R3 857 per ton, teenoor R3 457 per ton gelewer in Durban volgens *GraanSA* se berekeninge. Invoerpariteit van Duitse koring gelewer in Randfontein het die week op R3 588 per ton te staan gekom, R77 per ton laer as die vorige week volgens *GraanSA*. Die invoerpariteit van Argentynse koring gelewer in Randfontein word op R3 752 per ton gereken, en R3 352 per ton vir lewering in Durban (*GraanSA*, 2015), ongeveer R20 per ton laer as die vorige week. Die grafieke toon volgende; die invoerpariteit van koring teenoor die *SAFEX*-prys, die plaaslike kanola-prys teenoor die kanola-invoerpariteit en in die laaste grafiek die koringprys, asook die afgeleide garsprys teenoor die invoer- & uitvoerpariteit van voergars soos saamgestel deur *Graan SA*.

Koringinvoere vir die week 17-23 Januarie 2015 was 21 392 ton, waarvan 1 713 ton vanaf Kanada en 19 679 ton vanaf Rusland ingekom het (*SAGIS*, 2015). Vir die week is daar 5 641 ton koring na die buurlande uitgevoer (*SAGIS*, 2015). Die totale invoere vir die seisoen kom op 637 213 ton te staan, teenoor die totale uitvoere wat aan die einde van die week 73 172 ton vir die seisoen bereik het (*SAGIS,* 2015).

SAGIS se produsente leweringssyfers vir die week 17-23 Januarie 2015, was 21 336 ton. Die totale koringlewerings vir die seisoen vanaf 27 September 2014 staan tans op 1 593 130 ton (*SAGIS,* 2015).

Die *Nasionale Oesskattingskomitee (NOK)* se oppervlak en die sesde wintergewas produksieskatting is op 27 Januarie 2015 bekend gemaak. Die verwagte koringproduksie is 1 775 534 ton (vanaf 476 570 hektaar), 0.9% of 15 500 ton meer as die Desember-skatting. Die verwagte nasionale opbrengs is 3.73 ton per hektaar. Die koringproduksieskatting in die Wes-Kaap is 899 000 ton (51% van die nasionale koringproduksie), 29 000 ton minder as die 2013-oes, en 15 500 ton laer as die vorige skatting. Die produksie in die Noord-Kaap word onverandered op 285 000 ton (16% van nasionale produksie) en 271 050 ton (15% van die nasionale produksie) vir die Vrystaat gereken.



Bron: Saamgestel uit verskeie *NOK* publikasies, 2015

[1] Vrywaring: Die voorbereiding van die inligting is met groot sorg gedoen om die akkuraatheid daarvan te verseker. Die Departement van Landbou Wes-Kaap of enige van sy personeellede kan nie verantwoordelikheid of aanspreeklikheid vir die geldigheid van die inligting aanvaar nie.

Die produksieskatting vir moutgars het met 7 150 ton tot 310 361 ton gedaal teenoor die vorige skatting, die oppervlakte beplant word op 85 125 hektaar gereken. Die verwagte kanola-oes is met 4 750 ton tot 123 500 ton afwaarts aangepas. Die oppervlakteskatting vir kanola is 95 000 hektaar.

Die finale produksieskatting vir wintergewasse vir 2014 word op **26 Februarie 2015** vrygestel.

Somergewasse: Vir die grootste deel van die somerproduksiegebied is die weervoorspellings nie meer so gunstig soos 'n paar weke gelede nie; 'n ondergemiddelde reënval word vir Februarie en Maart voorspel (*Graan SA*, 2015). Daar is produsente wat meen dat die opbrengspotensiaal vir mielies reeds deur die warm en droë produksietoestande beïnvloed is. Reën raak nou krities, met die gemiddelde reënval vir Januarie wat op 53 mm te staan gekom het teenoor die langtermyn gemiddeld van 95 mm vir die maand (*Senwes*, 2015). Voldoende reën oor die wyer mielieproduksie gebied kan tot 'n gunstige mielieseisoen lei, maar oor die algemeen lyk die kanse vir reën nie goed nie, veral nie met die stormtoestande wat in die Indiese Oseaan broei nie; dit word normaalweg met ondergemiddelde kanse vir reën geassosieer (*Landbouweekblad*, 2015). Die weer is krities vir die prysvorming op *SAFEX*; aan die begin van die week was reën voorspellings plek-plek gunstig, maar die mark sal eers werklik ontspan sodra dit wat voorspel is, realiseer. Die prys vir geel- en witmielies vir lewering in Februarie het onderskeidelik die week op R2 070 per ton en R2 097 per ton gesluit; gemiddeld het mielies die week R70 per ton hoër as die vorige week gesluit. Die prys vir geel- en witmielielewering in Februarie was 40% laer as die vorige jaar se vergelykende verhandelingsdag, onderskeidelik R1 380 per ton en R1 374 per ton. Die Maart 2015 witmielieprys het die week op R2 123 per ton gesluit, terwyl die Julie-kontrak op R2 096 per ton gesluit het.

Die tabel, soos voorberei deur *Graan SA*, toon die vraag- en aanbodberaming vir mielies vir 2014/15, asook 3 moontlike weerstoestand scenarios vir die 2015/16 bemarkingseisoen. Die weervooruitsigte en die omvang van die oordragvoorraad a.g.v. swak uitvoersyfers skep onsekerheid oor die seisoen (*Graan SA*, 2015).

Bron: *Graan SA*, 2015

	2014/15	Scenarios vir 2015/16 se midsomer		
Nasionale opbrengs	'n Rekordopbrengs van 5,32 ton/ha het gerealiseer	Droë produksie toestande 4.0 ton/ha*	Gemiddelde produksie toestande 4.7 ton/ha**	Gunstige produksie toestande 5,4 ton/ha***
Beginvoorraad	589 000	1 999 000	1 999 000	1 999 000
Produksie	14 307 000	10 507 000	12 362 000	14 217 000
Invoere	0	240 000	0	0
Aanbod	14 350 000	12 214 000	13 585 000	15 407 000
Voedselverbruik	4 840 000	4 860 000	4 860 000	4 860 000
Voerverbruik	4 920 000	4 929 000	4 929 000	4 929 000
Uitvoere	*2 111 000*	*705 000*	*2 065 000*	*2 395 000*
Eindvoorraad	**1 999 000**	**1 218 000**	**1 474 000**	**2 999 000**
Surplus bo die pyplynvoorraad	779 000	-5 000	250 000	1 775 000

Gedurende die week 17-23 Januarie is daar 12 290 ton witmielies en 2 304 ton geelmielies uitgevoer. Die totale geelmielie- en witmielie-uitvoere vir die seisoen staan onderskeidelik op 1 365 883 ton en 399 795 ton (*SAGIS*, 2015).

Die produsentelewerings vir witmielies (17-23 Januarie 2015) was 10 210 ton, dit bring die totaal vir die seisoen op 7 287 261 ton. Geelmielielewerings vir die week was 8 549 ton, die lewering vir die seisoen is in totaal 5 732 585 ton. Die totale mielielewering vir die seisoen staan tans op 13 019 846 ton (*SAGIS*, 2014).

Die nasionale oesskatting, die voorlopige oppervlakskatting van somergewasse is op 27 Januarie 2015 deur die *Nasionale Oesskattingskomitee (NOK)* gepubliseer. Die skatting is gebaseer op die situasie soos teen mid-Januarie. Die witmielie-oppervlak word op 1 487 650 hektaar geraam, 'n 4.10% daling teenoor die oppervlak van 2014. Geelmielies se oppervlak word op 1 168 800 hektaar gereken, 'n 2.80% styging vanaf die verlede jaar. Die totale mielie hektare word op 2 656 450 hektaar geraam, 1.18% laer as die vorige jaar (*NOK*, 2015).

[1] **Vrywaring: Die voorbereiding van die inligting is met groot sorg gedoen om die akkuraatheid daarvan te verseker. Die Departement van Landbou Wes-Kaap of enige van sy personeellede kan nie verantwoordelikheid of aanspreeklikheid vir die geldigheid van die inligting aanvaar nie.**





Op **13 Februarie 2015** is die finalisering van die 2014 someroes deur die *CELC* bekend gemaak.

2. EKONOMIE & ENERGIE



In Griekeland het die linkse party, *Syriza* die oorwinning in die nasionale verkiesing op 25 Januarie behaal. Diè party ondersteun "*anti-austerity policies*". Die internasionale omgewing reken dat die kanse nou selfs groter is vir 'n '*default*' in Griekeland, die Griekse markte verhandel reeds swakker, maar diè situasie het nie die verwagte drastiese wisselvalligheid in die internasionale mark veroorsaak nie.

Die finale prys vir petrol en diesel vir Januarie is onderskeidelike R1.25 per liter en R1.04 per liter laer as die Desember-prys (*FIN24,* 2015), en plaaslike verbruikers kan egter uitsien na nog 'n petrolprys daling in Februarie. Die "*over-recovery*" in die gemiddelde brandstofprys het gedui op 'n prysdaling van ongeveer 90 sent per liter (*FIN24*, 2015). Die prys sal na vlakke wat laas in 2012 gesien is, beweeg, die prys sal ook ongeveer R3 per liter laer as die prys die vorige jaar dieselfde tyd. Volgens die *Department van Energie* sal die petrolprys vir Februarie met 93 sent per liter daal, teenoor 'n R1.02 per liter daling vir diesel (*FIN24*, 2015).

Teen die einde van die maand het die Brent ru-olieprys teen $48.97 per vat verhandel (*NRG Trading*, 2015). Ten spyte van die skerp dalings in die plaaslike brandstofprys word daar gewaarsku dat dit 'n vinnige omkeer kan maak; "*markets largely ignored a warning from the Organisation of Petroleum Exporting Countries (OPEC) oil cartel that prices could surge to $200 owing to shrinking investment in exploration*" (*FIN24,* 2015). *"There is still oversupply in the market, global demand is on a fall and the Eurozone is suffering*," (*FIN24*, 2015).

Die Rand se geweegde gemiddelde koers teen 10h30, 30 January 2015 waarteen dit teenoor die *VS-Dollar* verhandel het, was R11.55 (*Reserwe Bank*, 2014). Die *Britse pond* het Vrydag teen R17.43 en die *Euro* het teen R13.10 teenoor die Rand verhandel (*Reserwe Bank*, 2015). Op plaaslike vlak het die Rand weereens swakker verhandel, gedeeltelik a.g.v. *Eskom* se situasie wat tot beurtkrag lei. "*The electricity crisis is one of the biggest risks facing the domestic economy in 2015, especially the production side. Continued disruptions are likely to translate into offshore sourcing of products and consequently a widening of the trade balance as the technical rebound expected in exports is hindered by power constraints*," volgens *RMB*.

Die plaaslike inflasie vir 2015 word tans gemiddeld op 3.8% geskat, teenoor die 5.3% wat die vorige maand aangekondig is (*RMB*, 2015). "*Inflation is likely to continue to moderate in the months ahead due to the decline in commodity prices, specifically the slump in the oil price*," *RMB*. Die groei vooruitsig is van 2.2% tot 2.5% verhoog (*RMB,* 2015), maar daar moet steeds kennis geneem

[1] **Vrywaring: Die voorbereiding van die inligting is met groot sorg gedoen om die akkuraatheid daarvan te verseker. Die Departement van Landbou Wes-Kaap of enige van sy personeellede kan nie verantwoordelikheid of aanspreeklikheid vir die geldigheid van die inligting aanvaar nie.**

word van die risiko faktore wat teenwoordig is, die wisselvalligheid van die Rand, die elektrisiteitskrisis, asook die lopende rekening wat nie gunstig is nie. Sedert die *Suid-Afrikaanse Reserwe Bank (SARB)* in November bymekaar gekom het, het verskeie internasionale sentrale banke reeds begin om "*monetary policy easing*" toe te pas, dit sal egter nie noodwendig die *SARB* motiveer om dieselfde te doen nie. Die repokoers is onverandered op 5.75% gelaat.



3. INTERNASIONALE SITUASIE

Veevoermark: Die globale voerproduksie vir 2014 was 980 miljoen ton (+2% jaar-tot-jaar) volgens die *2015 Alltech Global Feed Survey, a.g.v die* verbruikersvraag na meer proteïenbronne. "*The top 10 feed producers in the world remained the same* (compared with 2013)*: China, the USA, Brazil, Mexico, India, Spain, Russia, Japan, Germany and France. Some of the smaller countries saw significant jumps in productivity, including Indonesia, Turkey, Vietnam, Poland, Romania and Morocco*" (*World Grain,* 2015). Daar was verskeie stygings en daling t.o.v. die globale produksie, die veranderings is a.g.v. die koste van rou materiaal, die invoer en uitvoer standaarde asook die dieresiektes wat in verskeie areas voorgekom het.

Internasionale koring: Die *International Grain Council (IGC)* skat die internasionale koringproduskie vir 2015/16 op 701 miljoen ton (-2% op die 2015/16 rekord seisoen), maar 2% hoër as die 5-jaar gemiddeld. Die produksieskatting is gebaseer op die 1% verhoging in die oes-oppervlak (224.2 miljoen hektaar), en 'n gemiddelde opbrengs a.g.v. normale groeitoestande. "*The forecast for 2015-16 was based on Northern Hemisphere seedings of winter wheat, which were completed under mostly favourable weather conditions, and assumptions for spring sowing of wheat across the Northern Hemisphere and later plantings of wheat in the Southern Hemisphere*" (*IGC,* 2015). Verhoogde produksie area word gereken vir Kazakhstan, Oekraïene, die VSA, Argentinië, dele van oos Asië en noord Afrika, maar is gedeeltelik teengewerk deur daling in produksie wat vir Rusland en Brasilië gereken word. Die EU, China, Indië en Australië se produksie is in lyn met die vorige seisoen (*World Grain*, 2015).

Die **Russiese** oppervlak (23.9 miljoen hektaar) is 3.2% kleiner as in 2014; waarvan 13 miljoen hektaar vir koring geallokeer is (8% styging jaar-tot-jaar). "*Given the country's deteriorating economic situation, including high interest rates, currency depreciation, and, as a result, soaring input costs, farmers may reduce plantings of spring wheat, which typically account for about half of the total*," noem die *IGC*. Die area beskikbaar om te oes in **Oekraïene** is 6.4 miljoen hektaar (5.8% jaar-tot-jaar styging), hoofsaaklik a.g.v. hoër winterkoring aanplanting. In **Kanada** is daar 25% minder koring aangeplant teenoordie vorige seisoen, omdat sojaboon- en lentekoringoeste uiters afgehaal is. Tydsbeperkings in die **VSA** het ook tot laer winterkoring aanplantings gelei, die ander koring aanplanting was hoër, dus sal die totale oppervlak die jaar styg. Die koringoppervlak was gemiddeld, en weerstoestande in die **EU** was die winter normaal met sneeu bedekking in die meeste areas toe temperature in Januarie begin daal het.

Internasionale koringverbruik in 2015/16 word op 708 miljoen ton gereken, onverandered van die vorige jaar se verbruikssyfer. "*Requirements in Egypt may fall as liberalisation of local bread subsidies continue to cut wastage in the supply chain*," and the "*import needs in Iran are expected to be lower. The overall world trade will be underpinned by sustained demand growth for milling wheat in developing countries*." Die eindvoorraad (2015/16) van koring word op 189 miljoen ton gereken, laer as die huidige seisoen se eind-voorraad en effens hoër as die 5-jaar gemiddeld (*IGC*, 2015).

[1] **Vrywaring: Die voorbereiding van die inligting is met groot sorg gedoen om die akkuraatheid daarvan te verseker. Die Departement van Landbou Wes-Kaap of enige van sy personeellede kan nie verantwoordelikheid of aanspreeklikheid vir die geldigheid van die inligting aanvaar nie.**